

## KLIMAAT

# WATER VERG TOEGEWYDE BESTUUR

**WATER** sal in die toekoms 'n skaarser hulpbron raak – nie net wat gehalte betref nie, maar ook volume – en sal daarom meer toegewyde bestuur verg. Die Regering kan ook uit 'n politieke en maatskaplike verantwoordelikeheidsoopunt meer krities jeens die landbou raak, aangesien die landbou die meeste van Suid-Afrika se water verbruik, sê dr. Heinz Meissner, konsultant van die Rooivleisprodusente-organisasie.

Die landbou verbruik ongeveer 75% van die reënval in Suid-Afrika. Daarvan word 60% vir natuurlike plantegroei gebruik, 12% vir die produksie van gewasse op droëland en 3% deur besproeiing. Die natuurlike plantegroei (weiveld) en droë oes-produksie gebruik slegs “groen water”. Dit is water wat in die grond opgeberg word nadat reën geval het.

Groen water word vir die produksie van vleis en ander die-reprodukte onder ekstensiewe weidingstelsels op natuurlike weiding gebruik.

Weiland gebruik in die algemeen geen “blou water” nie. Dit is afloopwater na strome, damme en ander opbergingsgeriewe of water wat in ondergrondse waterdraers opgeberg word en gewoonlik uit boorgate herwin word. Blou water is hoofsaaklik beskikbaar vir die waterbehoefte van vee.

Die doelwit ten opsigte van die bestuur van groen en blou water behoort te wees om dit optimaal op die plaas te benut.

Voorspellings dui daarop dat klimaatsveranderinge in Suid-Afrika tot 'n ietwat droër land sal lei. In dié opsig sal die Wes-Kaapse reënstreek en die noordoostelike deel van Mpumalanga en Limpopo die slegste daaraan toe wees. Meer

reën word in die sentrale grasveldstreek (die Vrystaat en die Drakensberg) en die Oos-Kaap verwag. Die woorde “slegste” en “meer” hierbo klink dalk baie dramaties, maar die verskil in totale reën vergeleke met die huidige situasie sal met net ongeveer 40 mm per jaar verskil.

Meer belangrik vanuit 'n bestuursoopunt is die gereeldheid en intensiteit van reënval en die seisoenale veranderinge. Die voorkoms van donderweer sal na verwagting vermeerder, met die gevolg dat daar meer swaar reënbuie sal val, maar dat dit van korter duur sal wees. Dit beteken dat meer water onbenut sal wegvloei en ook vinniger sal verdamp weens die verwagte hoër temperatuur. Minder doeltreffende reënval – selfs al reën dit meer – kan die gevolg wees tensy alle reënwater (groen en blou) nie goed bestuur word nie. Die volgende is uiters belangrik:

- Opvanggebiede op die plaas behoort ook vir opberging gebruik te word. Meganiese metodes, soos keerwalle, en natuurlike metodes, soos die skepping van vleilande (vlei of moeras) in opvanggebiede deur die aanplanting van geharde grassoorte wat by die spesifieke streek aangepas is, word aanbeveel.
- Plantbedekkings is waarskynlik die belangrikste aspek in die geval van weiveld. Dit word hoofsaaklik deur weivermoë en drakrag bepaal. Konserwatiewe drakragkoerse en redelike lang rustye vir kampe lewer die beste resultate ten opsigte van plantbedekking (selfs meer as die wisseling in reënval).
- In gemengde boerderystelsels waar veeboere ook oeste

behaal, behoort die minimum bewerking die reël pleks van die uitsondering te wees. Minimum bewerking verseker dat daar meer organiese materiaal op die grond is wat beter wateropvangs en -verbruik tot gevolg het.

- Seisoenale verskuiwing verwys na die tye wanneer dit na verwagting sal reën. Tans begin die somerreëntyd in Oktober en neem teen Maart/April af, maar daar is 'n verskuiwing na ietwat vroër in die noordoostelike deel van die land tot ietwat later in die suidwestelike deel. Dié neiging sal na verwagting weens klimaatsveranderinge verskuif en in die meeste streke van die somerreënvalgebiede verkort, met ernstige gevolge vir die tydperk van aktiewe plantegroei. Dit beteken dat daar net voor die winter minder vog vir voerproduksie beskikbaar sal wees, wat dus 'n groot uitwerking op voervloei en die koste van aanvullende voeraankope sal hê. Hoewel die voorbeeld op die spesifieke streek van toepassing is, kan dieselfde neiging in ander somerreëngebiede voorkom. Die rede daarvoor is dat die winterhoëdrukstelsel, wat 'n kenmerk van die binneland is, meer intens en langer gaan wees en daarom korter en verskuiwende reëntye tot gevolg gaan hê.
- Minder reën word vir die winterreënstreek voorspel omdat die binnelandse hoëdrukstelsels die reën in 'n suidoostelike rigting na die see sal stuur. Dit sal ernstige implikasies hê vir die opgaan en voorsiening van water vir besproeiing, wat reeds onder druk is. Afgesien van die wyn- en vrugtebedryf word 'n groot invloed verwag op die veebedryf in die Swartland, die Overberg en die Klein-Karoo, wat in sommige gebiede afhanklik is van besproeiingswater vir aangeplante weiding. Die uitwerking sal egter nie

beperk wees tot die Wes-Kaap nie aangesien die meeste van die kouefronte teen die kus opbeweeg om water deur middel van reën en sneeu aan die Oos-Kaap te voorsien. Talle van die opgaarstelsels en fonteine in die Oos-Kaap is afhanklik van bykomende water van die kouefrontstelsels. Dus kan die besproeiing-afhanklike veeproduksiestelsels van die suidoostelike kusgebied net soveel geraak word soos die watervoorsiening na stede en dorpe. Dit beklemtoon net weer hoe belangrik dit is dat boere spesiale maatreëls instel om oormatige afloop van water te verhinder en voorsiening te maak om water op te gaar.

Die gehalte van water is iets wat dikwels nie op plase oorweeg word nie. Dit is egter belangrik dat doeltreffende maatreëls toegepas word om te verseker dat water vry van besmetting is. Water behoort gereeld getoets te word vir mikrobiologiese en chemiese inhoud om te verseker dat die water voldoen aan die spesifikasies in SANS 241.

Alle waterbronne, soos boorgate, rivier- en kanaalwater, behoort getoets te word. In gevalle waar water met chloor behandel word, moet 'n roetine toetsprosedure ingestel word. Tenks en waterreservoirs moet bedek word om te keer dat dit besmet word deur voëls, rotte, organiese en nie-organiese materiaal. Die tenks en reservoirs se luggate moet ook beproef wees teen insekte en muis.

In gevalle waar daar uitvloeiels is, soos van 'n voerkrale op die plaas, moet dit doeltreffend verwyder word met geen besmetting van waterbronne nie. As die afvloeï na lande gelei word, moet ten minste 21 dae tussen toediening en weiding of oes op die lande verloop.

As die uitvloeiels bymekaargemaak en op die lande gesproei word, moet die plaashuis en omstreke nie blootgestel word aan die spuitdrif nie.



**HIERDIE BLAD IS DEUR DIE ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE GEBORG.**

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY 012 348 1933.

E-POS: [rpo@lantic.net](mailto:rpo@lantic.net). WEBWERF: [www.rpo.co.za](http://www.rpo.co.za).